# Gaan Ons Wêreld Regtig Eindig?

*Vervolg van p. 9*

getref is.

Net gedurende 1980 - 2008 was daar 140 vulkaniese uitbarstings waartydens 25 197 mense gedood en 4 080 791 mense haweloos gelaat is. In Chili het 'n kragtige vulkaan, wat 9 000 jaar lank as sluimerend beskou is, gedurende 2008 asook gedurende 2010 uitgebars. 'n Soortgelyke uitbarsting het Ysland gedurende 2010 getref en dit het wêreldwye gevolge vir lughawens gehad. Veral Europese lughawens se vlugte is gekanselleer met geweldige negatiewe gevolge vir die ekonomie van daardie lande. Berg Etna het op 24 Oktober 2011 vir die 17de keer daardie jaar vuurvlamme 100 meter die lug in gespoeg! En so kan ons byna daagliks lees en hoor van natuurrampe!

## 6. OLIE - EN ANDER SOORTE BESOEDELING WAT ONS AARDE VERNIETIG

Daar word voortdurend deur die media berig dat die see, riviere en ander waterbronne op een of ander manier deur menslike toedoen of nalatigheid besoedel word. In dieselfde asem kan ook gepraat word van die vernietiging van woude en grasvelde. Voeg hierby lugbesoedeling, grondbesoedeling, geraasbesoedeling, radioaktiewe besoedeling, termiese besoedeling, asook die kwessie van aardverwarming. Dan ontstaan die vraag: Hoe lank sal ons aarde nog hierdie aanslae kan "oorleef"?

Natuurlik hou al hierdie besoedeling nie net gevaar in vir die aarde se voortbestaan nie, maar dit tas beslis ook die mensdom se gesondheid aan. Osoonbesoedeling kan byvoorbeeld asemhalingsprobleme, kardiovaskulêre probleme, keelontsteking, borspyn en bloedstuwing tot gevolg hê, terwyl die besoedeling van drinkwater wêreldwyd lei tot ongeveer 14 000 sterftes per dag. Daar word bereken dat lugbesoedeling in Indië die oorsaak is van die dood van 527 700 mense per jaar! En in China veroorsaak lugbesoedeling jaarliks die voortydige dood van 656 000 mense!

## 7. VERDRUKKING EN VERVOLGING

*"Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van My Naam"* (Matteus 24:9 OV).

Hierdie Skrifgedeelte handel in die eerste plek oor die vervolging van die Jode gedurende die Groot Verdrukking. Gedurende hierdie tyd (Matteus 24:15-22) sal daar 'n grootskaalse uittog van die Jode vanuit Israel plaasvind na 'n vesting van veiligheid (moontlik Petra in Jordanië).

Ons kan ook hierdie godsdienstige vervolging van toepassing maak op Christene. Justin D Long het in 'n artikel die ontstellende feit beklemtoon dat meer Christene vir hul geloof gedurende die 20ste eeu gesterf het as in al die vorige eeue saam! In die boek *Fanaties vir Jesus* word ook aangedui dat daar sedert 33 n.C. tot 1900 n.C. ongeveer 24 miljoen martelare vir hul geloof gesterf het, maar dat daar gedurende die 20ste eeu sowat 45 miljoen gelowiges met hul lewe die prys betaal het om Jesus Christus te volg.

## 8. AFVAL EN VERRAAD

*"En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat"* (Matteus 24:10 OV).

*"In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat"* (Matteus 24:10 NV).

Weer eens het hierdie Skrifgedeelte primêr betrekking op die Joodse volk, maar ingeligtes sal weet dat daar gedurig mense is wat mekaar en "mede-broeders" verraai om hul eie lewens te spaar.

Ons lees egter nie slegs in Matteus van "in daardie tyd" en die "laaste dae" nie, maar ook in ander Skrifgedeeltes:

*"Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af"* (2 Timoteus 3:1-5 OV).

*"Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van duiwels aanhang"* (1 Timoteus 4:1 NV).

Die woord *afvallig* in bogemelde Skrifgedeeltes kom van die Griekse woord *apostasia*. Dit beteken om weg te beweeg van dit wat oorspronklik geleer is. Vandag beleef ons al hoe meer dat mense wegbeweeg van fundamentele Bybelse waarhede. Dit is daarom baie ontstellend om in die media te verneem dat verskeie geleerde en gerekende persone in kerkgeledere onder andere nie in die bestaan van die duiwel en demone glo nie. Die Bybel beskryf egter in Matteus 4:1-11 hoedat Jesus deur die *"versoeker"*, die *"duiwel"*, versoek is en Jesus Self spreek die duiwel skerp aan:

*"'Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.' Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg"* (Matteus 4:10-11 NV).

Verder is daar ook o.a. predikante wat nie in Jesus se maagdelike geboorte, opstanding uit die dood, of lewe in 'n hiernamaals glo nie. Daar is selfs leraars wat wil beweeg na waar panteïsme, panenteïsme, agnostisisme, post-teïsme en ander lewensbeskouings ook welkom is.

Hulle draai hul rug op God, die Bybel en die wáre Kerk:

*"Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels"* (2 Timoteus 4:3-4 OV).

Andersyds word ook in ons tyd 'n afgewaterde evangelie van eiegeregtigheid gepreek. Baie gemeentes roem in hul eie prestasies en sê: *"Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie"* (Openbaring 3:17(a) NV). Hulle rykdom bestaan uit hul hoë inkomste, massiewe kerkgeboue, welsprekende predikers, baie lidmate en hoë aansien in die samelewing. Groot waarde word aan kerklike ampsdraers en kerklike rituele geheg.

Politieke regte en sosio-ekonomiese omstandighede van mense word as só belangrik beskou dat hedendaagse kerke maklik by humanitêre programme vir die verbetering van mense se alledaagse behoeftes betrokke raak. Min of geen klem word egter op "gelowiges" se geestelike lewe en groei geplaas. Al bogenoemde kenmerke word deesdae as voldoende vir saligheid beskou en daarom word kerklidmaatskap, eerder as Jesus Christus, gesien as paspoort tot die hemel. Ware volgelinge van die Here Jesus moet daarteen waak om te verwêrelds en af te wyk van die Woord van God se waarhede.

## 9. VALSE PROFETE

*"En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei"* (Matteus 24:11 OV).

Sonder om na spesifieke persone of Bedieninge te verwys, sal elkeen van God se kinders wat deur die Heilige Gees gelei word, kan getuig dat daar in ons tyd baie valse profete werksaam is. Kyk na baie godsdiensprogramme op TV, lees van valse profete wie se geraamtes uit die kas te voorskyn kom, en woon selfs sommige Christelike seminare en leerskole by en jy sal ervaar hoedat Bybelse waarhede en beginsels verdraai word om die eie sak te pas.

## 10. ONGEREGTIGHEID VERMEERDER

*"En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel"* (Matteus 24:12 OV).

*"Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel"* (Matteus 24:12 NV).

Magsbeheptheid, korrupsie, verraad en misdaad vier hoogty dwarsoor die hele wêreld. Dit is amper asof géén mens meer iemand anders kan of wil vertrou nie. Omdat mense God se Woord minag, is daar ook geen agting vir 'n medemens se welsyn nie, wat nog van ongeveinsde liefde! Die meeste mense het net die eie ek lief en wil net sy eie behoeftes en begeertes bevredig. Daarom gee hy nie 'n duit om vir iemand anders se gevoelens of behoeftes nie.

Ongelukkig tref ons selfs ook hierdie liefdeloosheid by Christene aan!

Jesus sê egter: *"Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte"* (Matteus 24:8 OV).

Al hierdie geweldige gebeure is eintlik net geboortepyne van die smart en vernietiging wat voorlê.

Om ons hedendaagse prentjie van opsienbare wêreldgebeure nog verder aan te vul, noem ons net kortliks 'n verdere paar kenmerke van ons tyd.

## 11. MORELE EN SEDELIKE VERVAL

Vandag lewe ons in 'n deurmekaar en verwarde wêreld. Baie min mense beskik werklik nog oor Bybelse of vaste morele beginsels. Vanuit kerkgeledere is daar ook nie meer baie sterk of ferm leierskap in hierdie opsig nie, aangesien leiers poog om almal in hul geledere se sieninge en voorkeure te akkommodeer al druis dit ook in teen die uitsprake van die Woord van God wat ons morele kompas behoort te wees.

Selfs in die *Rapport* van 23 Oktober 2011 word aangevoer dat die beskikbaarheid van moderne tegnologie enorme eise stel aan die handhawing en najaag van morele norme en waardes. Pornografie is vryelik op die internet beskikbaar en tieners lê hul eie seksdade op selfone vas. Hulle versprei dan hierdie kinderpornografie by hul skole. Hierdie kommerwekkende verskynsel van die verspreiding van ongure foto's en kru SMS-taal is algemene praktyk en tekenend van die verval in ons samelewing.

In *Huisgenoot* van 9 Junie 2011 lees ons van 'n egpaar wat die wêreld op hol het, omdat hulle hul kind self sy of haar geslag wil laat kies. Die vyf maande oue Storm Stocker sal geslagloos bly tot hy of sy oud genoeg is om self oor sy of haar geslag te besluit. Die ouers glo die kind moet die vryheid hê om te kies watter geslag hy of sy wil wees, sonder die beperkings wat die samelewing op mans en vroue plaas.

Omdat die heerskappy van God en Sy lewensbeginsels en riglyne nie onvoorwaardelik aanvaar en uitgevoer word nie, doen elke mens net wat hy of sy wil. Sonder dat hulle dit egter besef, veroorsaak hierdie verset teen God dat mense soos dwalende skape sonder 'n herder is.

Jesaja skryf tereg: *"Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop"* (53:6(a) OV).

Op sy beurt verklaar Salomo: *"Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood"* (Spreuke 16:25 NV). Ongelukkig gaan baie mense té laat agterkom dat die breë en aangename pad waarop hulle was, die verkeerde pad was!

## 12. VERMEERDERING VAN KENNIS

*"En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder"* (Daniël 12:4 OV).

Dit is baie interessant dat Daniël se

*Vervolg op p. 11*